




News24 | Die Burger | Volksblad | Beeld | Sake24 | Jou Geldsake | LitNet | KykNet | Streekkoerante | NetAfrikaans



**Liezel byna in stort gesteek**
Die bekende popliedjie *It's Raining Men* het letterlik betekenis gekry vir die Idols-aanbieder.

Rapport

**'n Miljoen stem vir dié sexy titel**
Meer as 'n miljoen stemme is uitgebring in vanjaar se stryd om die sexyste vrou ter wêreld aan te wys.



Teken in op Rapport    SOEK    Webwerf    Argiewe    Soek

Voorblad
Meer Nuus
Suid-Afrika
Sport
Wêreld
Sake24
Weekliks
Kommentaar/Opinie
Hoofartikels
Rubrieke
Briewe
Invoegsels
Tydskrif
Motors
Reis
Streeknuus
Leef in Gauteng
Kaap-Rapport
Multimedia
Fotogalerye
Blogs
Redaksieblogs
Leserblogs
Allerlei
Lotto
Nuusbriewe
Gewildste Stories
Promosies
Loopbane24
Staatsdiensnuus
EPWP
Stalmaats
City Press
Sondag

**Weer**

| | Min | Max |
|---|---|---|
| **BFN** | 9°C | 20°C |
| **KPT** | 17°C | 22°C |

28/06/2008 14:40 - (SA)

# Uitslag van weddenskap oor fondse eers oor 10 j.

**Curt von Keyserlingk**

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Mnr. Warren Buffett, die w?ld se naasrykste man.

Mnr. Warren Buffett, die wêreld se naasrykste man en dalk die suksesvolste belegger, het 'n weddenskap ter waarde van $1 miljoen aangegaan dat beleggings in aandele beter as verskansingsfondse sal presteer.

Dié weddenskap spruit uit sy minagting vir sulke fondse. Hy sê sulke fondse behaal weens hoë bestuursgeld powere opbrengste vir beleggers, terwyl die bestuurders skatryk word.

Buffett het reeds in Mei 2006 gesê hy sal 'n weddenskap met enige bestuurder van 'n verskansingsfonds aangaan dat die S&P 500-indeks van die New Yorkse aandelebeurs 'n beter netto opbrengs vir 'n belegger oor 'n bepaalde tydperk sal lewer as die netto opbrengs van 'n klomp verskansingsfondse.

Meer as 'n jaar het verstryk voordat mnr. Ted Seides, hoof van Protégé Partners, 'n bestuurder van verskansingsfondse, Buffet se weddenskap in Junie verlede jaar in beginsel aanvaar het.

Ná maande van onderhandelinge tussen die twee is ooreengekom dat hulle op die prestasie van 'n portefeulje van vyf bepaalde verskansingsfondse oor die volgende tien jaar sal wed.

Buffett en Protégé het elkeen $320 000 belê in staatseffekte wat tien jaar later $1 miljoen werd behoort te wees. Dié belegging sal deur die Long Now Foundation, 'n nie-regeringsinstelling, bewaar word.

Long Now sal ook $1 miljoen aan 'n liefdadigheidsorganisasie van die wenner se keuse betaal. Buffett en Protégé betaal Long Now elkeen $20 000 vir die diens.

Die name van die verskansingsfondse sal eers ná die tydperk van tien jaar bekend gemaak word.

Buffett weet wie dit is omdat Seides jaarliks aan hom geouditeerde prestasiesyfers van die vyf fondse sal moet voorsien.

Een van die fondse is seker Protégé se eie fonds, anders sal dit lyk asof Seides meer vertroue in ander fondse as sy eie het.

Die netto prestasies van die fonds van verskansingsfondse en die S&P 500-indeks sal jaarliks op die jaarvergadering van Buffett se Berk-shire Hathaway-groep bekend gemaak word.

Om die weddenskap te wen sal die bruto opbrengste van Seides se fondse heelwat beter as dié van die S&P-indeks moet presteer.

'n Fonds van fondse hef gewoonlik jaarlikse bestuursgeld van 1% van die waarde van die belegging. Die verskansingsfondse waarin belê word, vra gewoonlik verder jaarlikse bestuursgeld van 1,5%.

JHB 7°C 16°C

**Meer oor Rapport**
Wie is ons
Argiewe
Bestel foto's
**Kontak**
Redakteur
Web-redakteur
Nuusredakteur
Brieweredakteur
Ombudsman
Stuur jou video
**Adverteer**
Advertensiebestuurder
Nog Kontaknommers
Rapport-tariewe
Rapport.co.za-tariewe
**Aflewerings**
Teken in
Klagtes

Dit kom daarop neer dat 2,5% van die belegging jaarliks afgestaan word, ongeag hoe die fondse in die mark presteer.

Die Vanguard S&P 500-indeksfonds het verlede jaar bestuursgeld van tussen 0,07% en 0,15% op beleggings gehef.

Daarby vat die bestuurders van verskansingsfondse 20% van al die opbrengste. Die bestuurders van die fonds van fondse vat 5% vir hulself.

Dit alles beteken dat 'n belegger in 'n fonds van verskansingsfondse nie meer as 76% van die opbrengste op sy belegging kry nie.

Dit lyk na 'n kwaai uitdaging vir Seides om die weddenskap te wen.

Maar sedert sy stigting in Julie 2002 tot die einde van 2007 het die Protégé-verskansingsfonds 'n netto opbrengs van 95% aan sy beleggers gelewer, teenoor slegs 64% van die Vanguard S&P 500-fonds.

Protégé het dit reggekry deur in Paulson & Company se verskansingsfonds te belê, wat sekuriteite bestaande uit subprima-huislenings kort verkoop het. Of Protégé so 'n prestasie in veranderde ekonomiese toestande kan volhou, is 'n ander storie.

Seides skat sy kans om te wen is 85%. Buffett skat sy kans op 60%.

Seides het baie respek vir Buffett se vermoë as beleggingsbestuurder.

"Gelukkig vir ons is die weddenskap gegrond op die prestasie van die S&P 500-indeks eerder as die prestasie van Buffett se eie beleggingsfondse."

-- Top stories in hierdie kategorie --

Rapport

PROMOSIE

**Bespaar NOU met OUTsurance!**
Kommer stygende lewenskoste jou? Kliek hier en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou versekering!

**Boerpot van R8,5 miljoen gewen op African Palace se aanlyn-casino**
Marie van Wyk is nou R8.5 miljoen ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en een gooi het haar lewe vir altyd verander. Sy het oornag 'n miljoenêr geword: "My casino-balans was skielik R8.5 miljoen! Ek is steeds oorstelp van vreugde. Elke dag moet ek myself daaraan herinner dat dit nie 'n droom is nie." **Kliek hier om African Palace te besoek en kry R100 gratis om mee te speel**.

Laaik.it

Kry Rapport op jou Facebook-profiel

Kliek hier vir groot afslag as jy inteken op Rapport!

**Vind**
DirectAxis-Lenings
Reis en Verblyf
Motor- & huisversekering
Kry R100 gratis by Piggs Peak
Werkgeleenthede
Afrikaanse boeke
Rapport-foto's

PENDORING

**Stem**
Is jy ten gunste van dr. Pieter Mulder se aanstelling as adjunkminister?
Ja, dis 'n voet in die deur
Nee, hy verraai VF+-kiesers
Dit maak nie saak nie - hy sal niks daar uitrig nie.
Stem
Resultate
Vorige Resultate

**Vind ou vriende**
**Kies jou skool se provinsie**
Kies
**en klik op die eerste letter van jou skool**
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24

Alle Kategorieë
SOEK

Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!

SOEK | KOOP | VERKOOP

Ads by Google

**Rovos Rail™ South Africa**
The Most Luxurious Train In The World. Reserve Your Place Today!
www.Rovos.com



online publishers association member